

9 Augustus (1)

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-25

Fokusgedeelte: DL, VD 5:8

### Wedergeboorte is eens en vir altyd!

Is dit moontlik dat iemand wat weergebore is sy wedergeboorte kan verloor en dat hy dan weer weergebore moet word? Die dwaalleraars het gesê "ja", dit kan gebeur: "Dit is nie ongerymd dat die mens sy eerste wedergeboorte verloor en daarna weer, selfs baiekeer, weergebore word nie."

Die Sinode het hierdie dwaling verwerp: "Met hierdie leer ontken hulle die onverderflikheid van die saad van God waardeur ons weergebore word, en kom hulle in stryd met die getuienis van die apostel Petrus ..." Petrus skryf mos (vers 23): "Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God." Deur te sê dat 'n mens jou wedergeboorte kan verloor, impliseer jy dat God die Heilige Gees, wat die wedergeboorte bewerk, dit nie behoorlik gedoen het nie en dat die middel, die saad wat Hy gebruik, naamlik die Woord, verganklik is.

Die Woord is egter nie verganklik nie (vers 24-25): "Die Skrif sê: 'Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af, maar die woord van die Here, dít bly vir ewig.' En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is." Verganklike saad bring verganklike vrugte voort, maar onverganklike saad ewige vrugte.

Omdat God self die wedergeboorte in my bewerk en omdat Hy onverganklike saad daarvoor gebruik, is my wedergeboorte eens en vir altyd! Dit beteken dat as ek eenmaal werklik weergebore is en in God begin glo het, dan is ek vir altyd weergebore. Net so min as wat ek my fisiese geboorte as mens kan verloor en ek weer fisies as mens gebore moet word, net so min kan ek my geestelike wedergeboorte verloor! Dank God vandag daarvoor dat sy werk in ons vir ewig is!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~

9 Augustus (2)

Skrifgedeelte: Lukas 22:24-34

Fokusgedeelte: DL, VD 5:9

### Jesus bid vir my volharding!

Omdat die dwaalleraars die sekerheid van die wedergeboorte en die volharding van die gelowiges betwyfel het, het hulle ook beweer dat Christus nêrens gebid het dat die gelowiges onfeilbaar in die geloof sou volhard nie. Hulle het geweet dat as Jesus vir iets sou bid, dit sou gebeur, want sy Vader gee aan Hom alles wat Hy vra. Daarom het hulle dit ook betwyfel dat Jesus vir ons volharding sou bid. Die Sinode het hierdie dwaling verwerp, onder andere deur na Jesus se gebed vir Petrus te verwys. In vers 31-32 staan: “Simon, Simon!” het Jesus gesê. ‘Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het moet jy jou broers versterk.” Jesus het dus wel gebid dat sy kinders enduit die geloof sal behou en volhard! Hy doen dit nog steeds waar Hy ook op hierdie oomblik by die Vader vir ons intree. As Jesus vir iets bid, weet ons, sal dit gebeur.

Ek het dus die heerlike troos wanneer die twyfel my beetpak: Jesus bid vir my dat my geloof my nie sal begewe nie! Selfs wanneer Satan my ook soos koring in die sif van die lewe begin rondgooi, weet ek dat my geloof my nie sal begewe nie, want Jesus, my Here, bid vir my. Ek behoort tot in ewigheid aan Hom en niks of niemand kan my uit sy hand ruk nie!

Hierdie sekerheid is ook in ons belydenis vasgelê, spesifiek ook in die DL, want hierdie sekerheid word in die Skrif baie duidelik aan ons gegee. Daarom kan ek elke dag vir die res van my lewe uit hierdie sekerheid lewe dat ek vir ewig aan God behoort en daarom ook veilig in die Nuwe Jerusalem sal aankom! Deur God se genade sal ek volhard!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~